higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 4

(11011044)

1 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

168Q1N2001

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Bagasie wat nie geweeg word nie, word as handbagasie aan boord geneem.

1.1.2 Die afstand tussen lande het tot gevolg dat vlieg 'n lewensvatbare en verstandige keuse is, aangesien dit tyd bespaar.

1.1.3 Passasiers kan deur die veiligheidsaanmeldpunt beweeg voordat hulle die aanmeldprosedure voltooi het.

1.1.4 Doeanebeamptes is diegene wat besluit of 'n passasier die rooi of geel gang moet volg wanneer goedere verklaar word wat buite hul land van oorsprong gekoop is.

1.1.5 Versoeke vir spesiale sitplekke het gewoonlik met beenruimte te make.

1.1.6 Blinde en dowe passasiers behoort die lugredery vooraf in kennis te stel.

1.1.7 'n Passasier kan nie toegang tot 'n buitelandse land geweier word indien hy/sy versuim om 'n paspoort te wys nie.

1.1.8 Uiterste weer kan veroorsaak dat vliegtuie later as wat beplan is vertrek en aankom.

1.1.9 Inkomende toeroperateurs stel pakkette vir Suid-Afrikaners saam om lande in die buiteland te besoek.

1.1.10 Die geleentheidsbedryf word deur wetgewing en verskillende regulasies gereël.

(10 × 1) (10)

1.2 Jy werk vir Masilo Travel in Bloemfontein. Jy vergader met jou kliënte, mnr en mev Mokoena, om die reisplan van hul naderende toer na Nelspruit te bespreek.

1.2.1 'n Toerreisplan is 'n wettige, bindende kontrak.

Voer redes vir hierdie stelling aan deur te spesifiseer wat van albei partye verwag word. (5 × 1) (5)

1.2.2 Soms kan 'n kliënt gedwing word om 'n reisplan te verander om redes buite sy/haar beheer.

Gee VYF voorbeelde van gebeure wat tot 'n verandering in reisplan kan lei. (5)

Kopiereg voorbehou

1.2. 3 Mnr en mev Mokoena kan op ’n sekere manier reageer as ’n diens wat hulle versoek het selfs voor hul aankoms in Nelspruit nie gelewer word nie.

Gee VYF voorbeelde van die manier waarop hulle kan reageer as daar nie in hul behoeftes voorsien word nie. (5)

1.2.4 Stel VYF avontuuraktiwiteite voor waaraan hulle kan deelneem tydens hul besoek aan Nelspruit en noem die veiligheidsmaatreëls wat noodsaaklik kan wees. Kopieer en voltooi die onderstaande tabel in die ANTWOORDBOEK.

TIPE AKTIWITEIT	**SPESIALE MAATREËLS/ VEILIGHEIDSTOERUSTING BENODIG**

(5 × 2) (10)

1.3 Die Mokoena-gesin sal van Bloemfontein na Johannesburg vlieg, waar hulle ’n gehuurde motor sal gebruik om na Nelspruit te ry.

Verduidelik aan die gesin VYF waarskuwingstekens rakende bestuurder-vermoeidheid waaraan hulle aandag moet gee. (5)
[40]

VRAAG 2

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Haar Storie: My Eerste Keer op ’n Vliegtuig

Tot baie onlangs het ek nog nooit met ’n vliegtuig gereis nie. Dit was nie die werklike vlieg wat my bang gemaak het nie, maar die gedagte aan die vliegtuig wat duisende myle in die lug stop en neerstort. Die veiligheidsprosedures, nou sitplekke op die vliegtuig en om te verdwaal in ’n reuselughawe het nie prettig geklink nie. Ek was egter aangenaam verras toe my vriend en medeskrywer van *‘Her Campus IUP’,* Jessie List, en ek kort gelede saam gevlieg het.

[Deur **Anna Lang • IUP-bydraer** Oktober 19, 2016 om 16:37]

2.1 2.1.1 Verduidelik aan die eerstekeerreisiger die belangrikste dienste wat die lughawe voorsien. (2 × 1) (2)

2.1.2 Lughawens word in verskillende afdelings verdeel (aankoms- en vertreksale vir binnelandse en internasionale reisigers), elk met sy eie funksie.

Noem die SES afdelings en noem die funksie van elk wat ’n eerstekeer- internasionale reisiger by die aankoms- en vertreksaal van ’n internasionale lughawe kan verwag. Kopieer en voltooi die volgende tabel in die ANTWOORDBOEK.

AFDELINGS	**FUNKSIES**

(6 × 2) (12)

2.1.3 ’n Reisiger sal altyd baie senuweeagtig wees as hy of sy die eerste keer vlieg. Herrangskik die onderstaande lughaweprosedures in die korrekte volgorde om kliënte te help. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (2.1.3.1–2.1.3.9) in die ANTWOORDBOEK neer.

A Die passasier word versoek om bewys van identiteit, soos ’n identiteitsdokument, te voorsien.

B Die bagasie word ingeboek.

C Die passasier ontvang ’n instapkaart.

D Die passasier gaan na die aanmeldtoonbank.

E Groot bagasie-items word van ’n etiket voorsien wat die vertrek- en aankomsbestemming aandui.

F Die grondpersoneel sal ’n sitplek toewys.

G Die passasier beweeg deur die sekuriteitskontrolepunt.

H Die passasier gaan na die instaphek en verlaat die lughawegebou.

I Die grondpersoneel kontroleer of die besprekingsbesonderhede korrek is.

(9 × 1) (9)

2.1.4 Noem VYF items wat ’n eerstekeerreisiger as handbagasie aan boord mag neem, as die reisiger nie gestremd is of met ’n baba reis nie. (5)

2.2 Waarvoor staan die afkorting BTW? (1)

2.3 Hoeveel is BTW in Suid-Afrika? (1)

2.4 Watter advies oor BTW-eise kan jy aan toeriste gee wat goedere in Suid-Afrika gekoop het wanneer hulle die land verlaat? (2)

2.5 Watter advies rakende doeane kan jy aan ’n Suid-Afrikaner gee wat met waardevolle besittings soos duur juweliersware en ’n skootrekenaar oorsee reis? (2)

2.6 Watter reisigers moet klaringskoste betaal? (2)

2.7 Noem VIER items wat van doeanebelasting vrygestel is. (4)

[40]

VRAAG 3

3.1 Verduidelik die rolle van die volgende personeellede in 'n groothandelreisorganisasie:

3.1.1 Bestuurder

3.1.2 Administratiewe beampte/Sekretaresse

3.1.3 Toerbeplanners

3.1.4 Toergidse

3.1.5 Bemarkings- en verkoopsverteenwoordigers

(5 × 4) (20)

3.2 Klassifiseer die volgende as lugredery, bootreis, spoorweë of akkommodasie:

3.2.1 Gautrain

3.2.2 Kulula.com

3.2.3 City Lodge-groep

3.2.4 Starlight

3.2.5 Lufthansa

3.2.6 EuroCity

3.2.7 Mango

3.2.8 Mediterreense skeepvaartmaatskappy

3.2.9 Hilton International

3.2.10 The Hyatt

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

3.3 Voltooi die volgende sinne oor professionele mediese advies, medikasie en behandeling in die onderstaande gedeelte deur 'n item uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

reisagente; paramedici; inentings; professionele advies; ambulans; vakansie; helikopter; dokters; noodhulpbeamptes; toeriste

(3.3.1) ... kan soos enige ander persoon in 'n ongeluk betrokke raak terwyl hulle met (3.3.2) ... is. Wanneer 'n persoon beseer is, is dit noodsaaklik om (3.3.3) ... te kry. Mediese behandeling deur (3.3.4) ..., (3.3.5) ... en (3.3.6) behoort verkry te word. Ingeval van 'n ernstige ongeluk of besering moet 'n (3.3.7) ... so gou moontlik ontbied word. In ernstige gevalle moet pasiënte per (3.3.8) ... na die naaste hospitaal vervoer word. (3.3.9) ... behoort toeriste te adviseer oor die (3.3.10) ... wat vereis word wanneer hulle na sekere gebiede reis.

(10 × 1) (10)
[40]

VRAAG 4

4.1 Noem VYF tipes visums waarvoor reisigers aansoek kan doen en noem waarvoor elke tipe visum uitgereik word. (5 × 2) (10)

4.2 Noem die tipe paspoort wat vir elk van die volgende situasies benodig word en noem die tydperk waarvoor die paspoort geldig sal wees.

4.2.1 Uitgereik aan beamptes verbonde aan staatsinstellings wat vir amptelike sake moet reis.

4.2.2 Uitgereik aan kinders onder 16 jaar.

4.2.3 Uitgereik slegs aan Suid-Afrikaners wat dringend om 'n geldige rede moet reis en nie kan wag dat behoorlike paspoorte uitgereik word nie.

4.2.4 Uitgereik aan permanente Suid-Afrikaanse inwoners wat nie reisdienste van hul lande van oorsprong kan bekom nie.

4.2.5 Uitgereik aan Suid-Afrikaanse burgers wat 16 jaar en ouer is.

(5 × 2) (10)

4.3 'n Schengen-visum stel die reisiger in staat om toegang tot talle Europese lande te verkry.

Noem VYF lande wat 'n Schengen-visum gebruik. (5)

4.4 Jou vriend stel daarin belang om in een van die Europese lande te studeer wat in VRAAG 4.3 genoem is.

Adviseer hom/haar oor die vereiste dokumente wanneer hy/sy om 'n visum vir daardie land aansoek doen. (8 × 1) (8)

4.5 Wat is die gepaardgaande dokumente of inligting wat vereis word wanneer om 'n paspoort aansoek gedoen word? (2 × 1) (2)

4.6 Verduidelik breedvoerig hoe beamptes 'n vervalste paspoort kan uitken. (5)
[40]

VRAAG 5

5.1 Die provinsie Noordwes is vanjaar die gasheer vir die Mej Suid-Afrika-skoonheidskompetisie by die Sun City Superbowl. Toerismestudente word versoek om die geleentheid te organiseer.

5.1.1 Wie is na jou mening die DRIE groepe rolspelers van die Mej Suid-Afrika-skoonheidskompetisie? (3)

5.1.2 Noem VYF voordele wat die geleentheid vir toerisme in Noordwes sal inhou. (5)

5.1.3 Noem VIER kriteria wat gebruik kan word om die sukses van die geleentheid te meet. (4)

5.1.4 Die geleentheid in hierdie scenario word hoog deur Suid-Afrikaners aangeslaan. Die studente wat betrokke is, moet verseker dat dit van 'n baie hoë standaard is.

Noem SES gehaltevereistes wat nagekom moet word wanneer die geleentheid georganiseer word. (6)

5.2 Kopieer en voltooi die volgende tabel in die ANTWOORDBOEK deur die teikenmark en die doel van elke geleentheid in te vul.

	GELEENTHEID	TEIKENMARK	DOEL
5.2.1	Skoonheidswedstryd		
5.2.2	Toerisme-indaba		
5.2.3	Perdewedren		
5.2.4	Geleenthede met internasionale aansien		
5.2.5	Kleinhandelgeleenthede		
5.2.6	Vergaderings en konferensies		

(6 × 2) (12)

5.3. Die kollege het 'n plaas gekoop wat hulle in 'n wildreservaat wil omskep waar studente praktiese werk kan doen. Jou dosent versoek jou om 'n kennisgewingbord te ontwerp met veiligheidsregulasies vir besoekers aan die park, wat by die toegangshek opgerig sal word.

Noem 10 reëls wat op die bord moet verskyn. (10)
[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou